



# WÊRELDWAARNEMINGSLYS

## GEBEDSKALENDER

MAART 2020

**1 | NOORD-KOREA** As dit kom by die beskerming van hul ideologie, gee Noord-Korea nie om oor hul internasionale reputasie of diplomatieke en ekonomiese nawerking nie. Bid vir Kim Jong Un, dat hy die ware God sal leer ken. Bid vir verandering in die regering en dat die krag van die bose tot 'n val sal kom.

**2 | AFGANISTAN** Die klein aantal Christen-bekeerlinge in hierdie land moet wegkruip. Die toenemende vlak van vervolging veroorsaak 'n algemene gevoel van onveiligheid en daar is geen teken van verbetering vir die nabye toekoms nie. Bid vir stabiliteit en vrede in Afganistan.

**3 | SOMALIË** Die mense in Somalië is 99% Moslem, en die samelewing verwag dat alle Somaliërs Moslems moet wees omdat Islam die staatsgeloof is. Imams sê openlik in die moskees en madrasse dat daar geen plek is vir Christenskap, Christene of kerke nie. Bid dat die Here sal aanhou om Sy Kerk hier uit te bou te midde die vyandigheid.

**4 | LIBIË** Die voortdurende wetteloosheid beteken dat Christene aanhoudend vervolg sal word in Libië. Dit voorsien ook 'n basis vir die bedrywighede van militante groepe om aanvalle op Christene in buurlande uit te voer. Bid vir gelowiges, vir hul beskerming en dat hulle sal groei in hul geloof.

**5 | PAKISTAN** Radikale Islamitiese groepe sal enigiets opponeer wat teen

**"Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp."**

2 Korintiërs 10:3-4 (Ou Vertaling)

## PAKISTAN vervolg

hulle wil gaan, soos hulle op 'n gewelddadige manier gemaak het met voorstelle om openlike gesprekke te voer oor die hersiening van die land se berugte lasteringswette. Bid dat God die harte sal verander van diegene in magsposisies om openlike gesprekke te voer oor die lasteringswette en godsdiensvryheid.

**6 | ERITREA** Eritrese Christene het diepgaande kommer uitgespreek oor die vooruitgang van radikale Islam in hul land. Bid dat hulle die welwillendheid sal hê om aan te hou uitrek na mense en dat baie mense tot geloof in Jesus sal kom.

**7 | SOEDAN** In 2019 het Soedan geweldige veranderinge gesien. Die heerskappy van diktator Hassan al Bashir het in April tot h einde gekom deur burgeropstande. Afgesien van dié veranderinge, is dit steeds onduidelik of 'n nuwe Soedan meer vryheid vir Christene sal bring om Christus te aanbid. Bid dat ware godsdiensvryheid geïmplementeer sal word in Soedan.



**8 | JEMEN** Tagtig persent Jemeniete maak staat op humanitäre hulp. Noodleniging word meestal deur stamme en familiekanale voorsien, wat beteken dat Christene dikwels uitgesluit word. Bid dat noodleniging Christene sal bereik.

**9 | IRAN** Christene word beskou as 'n verwerlike Westerse invloed, en 'n konstante bedreiging vir die Islamitiese identiteit van die Republiek van Iran. Daarom is dit 'n afgryslike skande vir 'n Moslem-familielid om Islam te verlaat. Bid vir Christene wat deur hul families vervloek en onterf word.

**10 | INDIË** Die selfversekerdheid en aggressiwiteit van alle tipiese Hindoeorganisasies het oor die jare toegeneem. Hulle meen dat Indië aan Hindoeïsme behoort, en dat ander gelowe uit die land verdryf behoort te word. Bid vir krag vir Christene en ander geloofsminderhede in 'n toenemende vyandige omgewing.

**11 | SIRIË** Sirië bly vasgevang in die voortslepende burgeroorlog wat reeds in 2011 begin het. Bid dat vrede in die land bewerkstellig sal word, asook vir wysheid vir ons span, namate hulle aanhou om Christene te ondersteun in hierdie moeilike tye.

**12 | NIGERIË** Die meeste Christene in die suidelike deel van die land woon waar godsdiensvryheid gerespekteer word, terwyl Christene in die noorde gebuk gaan onder geweld aan die hand van Islamitiese militante groepe. Bid dat God die Kerk sal toerus om die druk om hul geloof prys te gee, te kan deurstaan te midde van die geweld.

**13 | SAOEDI-ARABIË** Dié woestyn koninkryk word gedefinieer deur Wahabisme, die suwerste en strengste interpretasie van Islam. Ander gelowe word verbied om openlik beoefen te word. Bid dat Saoediëse Christene afgesien hiervan maniere sal vind om die waarheid met hul families te deel, en dat hul families sal soek na die waarheid, eerder as om in woede te reageer.

**14 | MALEDIVE** Maledive is 'n 100% Sunni-Moslem land en enige landsburger wat hiervan weg wil draai, sal sy of haar burgerskap verloor. Bid vir wysheid vir Christene wat onder hierdie omstandighede leef en dat God Maledivers se harte teenoor Hom sal open.

**15 | IRAK** Sedert die hernude bedreiging van die Islamitiese Staat, voel Christene onseker of hulle in die land moet bly. Bid dat die Kerk in Irak vernig sal wees te midde hiervan en dat God die rol van Kerk in Irak sal versterk.

**16 | EGIPE** Alhoewel Christenskap diep wortels in Egipte het, word Christene dikwels verstoot en as tweedeklas burgers behandel. Bid dat God Christene sal dra en dat hulle sal vashou aan hulle ware burgerskap; as kinders in die Koninkryk van God.

**17 | ALGERIE** Bid vir Christene wat deur hulle families vervolg word, wat dikwels die geval vir Gelowiges van 'n Moslem-agtergrond is. Bid vir hul beskerming en dat hulle dié wat hulle vervolg sal liefhê en vergewe.

**18 | OESBEKISTAN** Geen godsdiestige aktiwiteite buiten staatsbestuurde en staatsbeheerde instellings word toegelaat nie. Bid vir Baptiste-, Evangeliese- en Pinkster-lidmate wat gedreig, beboet en gearresteerd word en klopjagte moet verduur.

**19 | MIANMAR** Bid vir die vervolgde Christen-minderheid, dat hulle in liefdie die vervolgde Rohingya Moslems sal bedien, veral dié wat kies om terug te keer vanuit ballingskap in Bangladesj.

**20 | LAOS** Laos, een van die vyf oorblywende Marxist-Lenist lande in die wêreld, hou getrou vas aan die

## LAOS vervolg

Kommunistiese ideologie en is daarom sterk gekant teen enige invloed, soos Christenskap, wat vreemd of Westers is. Bid dat God die mense van Laos se oë sal open vir wie Hy is.

**21 | VIËTNAM** Die Christen-minderheid word op beide plaaslike- en nasionalevlak deur die regering vervolg met wetgewing, terwyl etniese groeppleiers Christene as verraaiers van hul kultuur en identiteit sien. Bid dat God die harte van dié in magospasies sal verander teenoor Christene.

**22 | TURKMENISTAN** Turkmenistan word as een van die mees beperkte lande in die wêreld geag. Naas Oesbekistan, is dit die mees onderdrukkende staat vir geloofsminderhede in Sentraal-Asië. Bid vir verhoogde vryheid in die land.

**23 | CHINA** Vanweë die nuwe regulasies op godsdiens, word baie meer gevalle van sterk optredes teenoor kerke gerapporteer. Hierdie optrede sluit in die konfiskering van Christelike materiaal, klopjagte, boetes en arrestasies vanveral kerkleiers. Bid vir wysheid en krag vir die Kerk om God te aanbid namate hierdie optredes teenoor Christene voortduur.





**24 | MAURITANIË** Mauritanië word heeltemal deur Islam gedomineer. Die invloed en opmerklikheid van meer streng en onverdraagsame weergawes van Islam word al hoe duideliker in Mauritanië. Bid dat Christene behoorlik dissipelskap sal ontvang om sterk in hul geloof te staan.

**25 | SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK** Daar is 'n klein afname in gerapporteerde gevalle van geweld, maar die SAR is nog nie uit die moeilikheid nie. "Dit is dalk vreedsaam in Bangui, die hoofstad, maar in baie plekke in die noorde en ooste, soos Bria, is die vrede nog nie herstel nie." Bid vir vrede om terug te keer na die hele SAR en dat Christene toegelaat sal word om die Evangelie vrylik te deel.

**26 | MAROKKO** Daar word van Marokkane verwag om getrou te wees aan Islam, die koning en die land. As 'n Moslem kies om Jesus te volg, word dit as 'n groot skande gesien vir beide die familie en die gemeenskap. Christene is ook al aangekla van ontrouheid teenoor die koning. Bid vir wysheid vir Christene terwyl hulle hul geloof in die land uitleef.

**27 | KATAR** As gevolg van die politiese verskille met Saoedi-Arabië en sy bondgenote, het Katar al hoe meer geïsoleerd geword. Bid dat daar maniere gevind sal word om gelowiges daar te bemoedig en te dissipel in hierdie tye van verhoogde isolasie.

**28 | BURKINA FASO** Verlede jaar was daar 'n verhoging in aanvalle deur Islamitiese militante, met minstens 20 Christene wat vermoor is in vyf aanvalle waarin Christen-gemeenskappe geteiken is. Bid vir beskerming en wysheid vir Christene in hierdie land te midde van die toenemende beproewings.

**29 | MALI** Christene word steeds deur Islamitiese verdrukking beïnvloed. Evangelistiese aktiwiteite in die noorde is veral gevaarlik en kan lei tot aanvalle deur radikale Moslems. Bid vir baie genade en waagmoed vir die Kerk terwyl hulle hul roeping in Mali uitleef.

**30 | SRI LANKA** Baie gelowiges en kerke is onbewus van hulle wetlike regte en is finansieel onvoorbereid om aanklagte in die hof teen te staan. As hulle nie in die tronk beland nie, eindig hulle steeds met kriminele rekords, wat hulle posisie in die gemeenskap in gedrang kan bring. Bid vir wetlike beskerming vir hulle sodat hulle nie deur die regering mishandel of geboelie word nie.

**31 | VERVOLGDE KERK** Vervolging regoor die wêreld neem toe, met Christene wat verhoogde vyandige omstandighede vir hul geloof in Jesus ervaar. Bid dat die Here in hierdie nuwe jaar die vervolgde Kerk sal toerus en versterk om sterk in die geloof te staan en 'n helder lig vir Hom te wees in van die donkerste plekke.

\*Verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Vervolg  Maar nooit alleen.



**Geopende Deure**  
Diens aan vervolgde Christene wêrldwyd

  
Open Doors South Africa

[www.opendores.org.za](http://www.opendores.org.za)  
Posbus 1771, Cresta, 2118  
T +27 11 888 9341  
E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)